

Lêerno.: 20/2/1
Verwysing: 20230523-4577

Eksamenadministrasieminuut: 0010/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinerings- en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Teruggawe van onopgeëiste sertifikate vir die Nasionale Senior Sertifikaat

1. Alle rolspelers asook prinsipale van hoërskole/sekondêre skole en bestuurders van gemeenskapsleersentrums moet asseblief kennis neem van die volgende:
 - (a) Alle onopgeëiste sertifikate moet na 'n tydperk van 12 maande vanaf die ontvangsdatum daarvan deur die sentrums aan Hoofkantoor terugbesorg word.
 - (b) Sertifikate ten opsigte van die November 2021-eksamen, wat gedurende 2022 uitgereik is, moet asseblief nie later nie as **31 Augustus 2023** aan Hoofkantoor terugbesorg word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.
2. Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie jaar in 'n veilige area by Hoofkantoor bewaar word vir moontlik afhaal deur die kandidaat. As sertifikate nie binne die driejaartydperk opgeëis word nie, sal dit vernietig word.
3. Die betrokke rolspelers moet, benewens die bogenoemde, ook aan die regulasies, beleide en Umalusi-direktiewe met betrekking tot die volgende voldoen:
 - (a) Onopgeëiste sertifikate moet 12 maande ná uitreiking aan die skole terugbesorg word.
 - (b) Sertifikate moet deurgaans as waardevol en vertroulik hanteer en veilig bewaar word.
 - (c) Kandidate moet in kennis gestel word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word, en die verspreiding moet noukeurig onder veilige omstandighede geskied.

4. Skole word versoek om onopgeëiste sertifikate duidelik te merk en aan die Hoofkantoor terug te besorg:

ONOPGEËISTE SERTIFIKATE VIR AANDAG:

Mnr. Werner Gordon
Direktoraat: Eksamenadministrasie
11de Verdieping, Kamer 11.12
Wharfplein-noord 1
Laer Loopstraat 2
Strandgebied
KAAPSTAD
8001

5. 'n Klaringertifikaat is hierby aangeheg en moet deur die skool voltooi word om te bevestig dat alle sertifikate vir die vermelde jare verwyder en aan Hoofkantoor terugbesorg is.
6. Navrae betreffende die terugbesorging van onopgeëiste sertifikate kan gerig word aan mnr. Werner Gordon by e-posadres: Werner.Gordon@westerncape.gov.za.
7. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-06-07